



Voordrag deur Carl Niehaus, ambassadeur van Suid-Afrika in Nederland, Vredespaleis Den Haag

# Vryheid, Ja!



...maar wat dan?

U Majesteit, Eksellensies, Dames en Here,

Hartlike dank aan minister Dijkstal en die organiseerders van hierdie byeenkoms vir die besondere voorreg en eer vir my land en vir myself om hierdie toespraak te kan hou. Ek beskou dit veral as 'n erkenning van wat ons in die nuwe demokratiese Suid-Afrika die afgelope vier jaar bereik het.

Ek wil begin met 'n persoonlike belewenis van so ongeveer vyftien jaar gelede:

'Dit was 'n grys, betrokke dag en teen die agtermiddag het dit saggies begin reën. Ek het op die bed gestaan en my teen die tralies opgetrek sodat ek beter by die venster kon uitkyk. Daar was net 'n kaal sementbinneplaas met vaal baksteenmure en donker vlekke waar die geute gelek het. Iewers, veraf, was daar die geluid van staalhekke of deure wat toeklap. Was dit al wat ek die volgende vyftien jaar sou sien en hoor?

Ek het die verwarring en opstandigheid probeer onderuk, maar die woorde 'gevonnis tot vyftien jaar' wat regter Myburg so sag, amper sonder gevoel, uitgespreek het, bly 'n amorfe, onmeetlike begrip. Ek het probeer kwantifiseer:

bykans twee derdes van my ouderdom ... Hoeveel dae is dit? Ek het geprobeer om dit in my kop te bereken, want hulle het my pen gevat - meer as vyfduisend dae, wat soos die vaal bakstene, een na die ander, ry op ry gelê word tot 'n hoë, onoorkombare muur ...' (Uit: 'Om te Veg vir Noop', Human & Rousseau, Kaapstad, 1993)

Só het ek my eerste dag in die gevangenis beleef.

Niemand weet beter wat vryheid is as 'n gevangene nie.

Dit was dan ook in die bitter afsondering van daardie 2 by 3 meter sel waar die ware gestalte van vryheid aan my geopenbaar is. Vryheid is geen abstrakte begrip nie, dit is die konkrete bron en voorwaarde vir vrye keuse. Wie nie vry is nie, kan nie kies nie en wie nie kan kies nie is geen mens nie maar 'n dier - of nog erger 'n masjien. Vryheid staan nooit skerper voor 'n mens se oë as wanneer jy dit nie het nie en dit tog jou eerste verlange blyk te wees.

Daar was nie 'n dag in die gevangenis wat die woord *vryheid* nie telkemale oor die lippe van my en my medegevangenes Bekom het nie. Soms was dit die droom van ontsnapping - onrealistiese, soms desperate, onsuksesvolle

planne om deur die staal tralies te saag en oor die hoë mure te klauter. Meestal het ons egter gepraat oor wat vryheid vir ons land sou beteken. Op watter wyse die knielende juk van die apartheidsregime afgewerp kon word. Hoe ons, as ons, onse vryheid verwerp het, dit ook werd sou kon wees; en hoe ons die prys wat daarvoor betaal is sou kon respekteer.

Dit was veral waar vir die menslike offers wat gebring is, want ten spyte van alle pogings van die gevangenisowerhede om ons af te sonder het die brokkies nuus van buite tog iewers tussen die staaldeure ingesypel. Ons het gehoor van soldate wat skoolkinders uit gepantserde voertuie doodskiet. Soms was dit heel digby, soos die eggend toe 'n deel van die radionuus klaarblyklik per abuis (of was dit?) op die interkomstelsel in my sel deurgespeel is en ek net genoeg kon hoor om te beseft dat Vincet Tshabala, 'n goeie vriend van my, voor sy ouerhuis in die township van Alexandra doodgeskiet is. Die onpersoonlike radiostem het hom 'n 'terroris' genoem. Wanneer jy dan op so 'n oggend in die binneplaas rondloop is die lappie blou lug bo jou 'n dowwer, gryser kleur en praat jy nie ligtelik oor vryheid nie.

In die hol poot van die ysterbed in my set was opgerot, soos 'n papyrus perkament, die onvoltooide manuskrip van 'n boek wat Bram Fischer, van die bekendste politieke gevangenes in Suid Afrika - en een van 'n handjievol Afrikaners wat hulle werklik teen apartheid verset het - in die geheim in dieselfde sel geskryf het. Bram het 'n lewenslange gevangenisstraf uitgedien en het 'n paar jaar voordat ek gevange Beneem is aan kanker Besterf. Tot met sy laaste asemteug is hy gevange gehou en selfs sy liggaam is nooit aan sy familie terug gegee nie. Hy is veras en die asse is iewers (mens eis om te dink waar: miskien 'n vullishoop?) weg gegooi. Maar hierdie man wat selfs na sy dood nie vrygelaat is nie, het met groot balans en wysheid in sy verbasende klein, netjiese handskrif, gepleit vir 'n onderhandelnde skikking. Met behulp van die Universele Verklaring van die Regte van die Mens het hy glashelder uiteengesit wat die essensiële regte is waaroor geen kompromis aangegaan kan word nie. Onderwyl hy terselfdertyd aangetoon het dat daar terwille van die kwaliteit van die vryheid bereidwyligheid sal moet wees om tot 'n skikking te kom met diegene wat ons toe nog gevangene gehou het en om op 'n demokratiese wyse die regeringsmag mag met huile te deel. Soos

elke gevangene het hy met 'n dorstige hoop geskryf oor vryheid, maar altyd met die beseft van hoeveel selfverloëning en dissipline dit sal eis. Keer op keer het die frase opgeduik, 'Wanneer ons vry kom, sal ons dit anders moet doen...'

*Ja, wanneer ons vry kom, sal ons dit anders doen...* So hoor 'n mens die universele versugting van gevangenes oor die eeue heen. Ook 'n vyftal dekades gelede het die ter dood veroordeeldes in Auschwitz, BergenBelsen, en die opgeslotenes in Japanese kampe in die Ooste dit vir mekaar gese. Waarskynlik was dit ook op die lippe van diegene wat omgekrom het in die onlangse massamoorde van Rwanda en Bosnië.

Die opregtheid van sulke gevangenes staan bo alle twyfel. Wie oor vryheid praat in hierdie rustige en feestelike saal, moet nooit vergeet dat op dieselfde moment en waarskynlik nie te ver van hier daar 'n gevangene is wat hom teen die tralies van sy selvenster optrek om legs teen die volgende muur vas te kyk.

Vryheid: die groot goeie ideaal. Maar is dit veilig by die mense? 'n Mens hoop dat dit wel veilig is, maar die ervaring bewys anders. Vryheid is geen waarborg vir gedissiplineerde gedrag nie. Misbruik bly aan die orde van die dag. Onverskilligheid steek maar al te snel weer die kop uit. Guillaume van der Graft skryf:

'Het gaat nog altyd door.

Er is geen einde aan.

Joden en negers genoeg  
om dood te slaan,  
mensen te over om  
één voor één te verraden,  
woorden genoeg in de taal  
om alles goed te praten.'

*(Verzamelde gedichten, Baarn 1982)*

Vryheid is geen natuurlike eienskap van die mens nie. Dit is veeleerder 'n kans, 'n moontlikheid, 'n geleentheid. Dit vra aanhoudende onderhoud. Vryheid moet geleer word. Eeue van oosterse denke hou dit aan die mensdom voor: Vryheid is die moeisame verworwe vrug van 'n lange en harde leerskool. Nee, vryheid val nooit uit die lug nie, maar word in tye van onvryheid voorberei.

Die versetsman H. M. van Randwijk het verklaar:

'De vrijheid van mensen en volken is in de geschiedenis

der mensheid altyd met bloed en tranen verworven en bewaard en in die toekomst zal het niet anders zijn.’

Daarom word 5 Mei slegs begryp in verhouding tot 4 Mei, net soos wat die 27ste April 1994 (wat ons nou elke jaar as ‘Vryheidsdag’ vier) slegs begryp kan word in verhouding tot Sharpsville, die 21ste Maart 1960, toe ongewapende burgerlikes wat geprotesteer het teen die paswette wat swartmense vreemdelinge in hul eie land sou maak, doodgeskiet is. Net so min kan die jeug van Suid-Afrika vandag hulle nuwe vryhede en onderwysgeleenthede tenvolte waardeer, as hulle die 16de Junie 1976 vergeet toe Hector Peterson en honderde ander skoolkinders doodgeskiet is tydens protesoptogte vir gelyke nie-rassige onderwys. Vier en dertig jaar lê tussen Sharpsville en die moment waarop miljoene Suid-Afrikaners vir die eerste keer kon stem. Vir ons is die vreugde van daardie sonnige dag in laat April 1994 nog vars en nuut. Die opwinding is soos gister toe ek kon aansluit by die kilometers lange ry van geduldig wagtende mense wat drie keer sy pad heen en weer gevleg het na die stemlokaal in die hoofstraat van die township Alexandra. Ek ruik nog die die stof, poeier fyn getrap deur duisende voete, wat met die altyd aanwesige rook van oopherdvure gemeng het. Tenspyte daarvan dat dit die reuke van besoedeling en armoede is, was saam met die branderige gevoel in my oë en neus ook die tinteling van triomf. Die armste van die armes, wat vir jare gedoem was om in die townships sonder enige seggenskap te leef, se stem was van daardie dag af dieselfde as die van die welaf bevoorregte blanke. Ek onthou die trane van blydschap op die beplooide gesig van ’n ou vrou wat met haar kiere (wandelstok) bo haar kop - asof sy die hemel tot getuie roep - ’n skuifeldanspassie uitvoer en uitroep: *‘Jaanong nka swa ka kagiso, ka gore ke voutile!’* (Nou kan ek in vrede doodgaan, ek het gestem!)

Die eerste rype vrug van ons verworwe vryheid, was ons nuwe Grondwet wat na twee jaar van moeilike en keiharde onderhandelinge op die 9de Mei 1996 in die Parlement aanvaar is.

Wanneer ek vandag oor die vier korte jare van ons vryheid terugkyk is dit soos ’n kaleidoskoop van intense kleurvolle gebeure wat met mekaar verweef is. Die pragtige kleurvolle muurskildery net oorkant die hoofhekke van die Parlement wat die stryd teen apartheid en die onderhandelinge vir die nuwe Grondwet uitbeeld. Nelson Mandela wat triomflik

uit die gevangenis stap. Net drie jaar verder Nelson Mandela wat vir die eerste keer stem. Minder as ’n maand later die duisende wapperende nuwe vlag en President Mandela wat op die trappe van die Uniegeboue in Pretoria met sy inhuldiging as Suid-Afrika se eerste demokraties verkose President uitroep: ‘Dit mag nooit weer gebeur dat een Suid-Afrikaner die onderdrukker, die uitbouter, die martelaar van ’n ander word nie’.

Maar hoe verhoed ons dit? Wat behoed vryheid teen uitdroging? Of erger nog: Wat behoed haar teen die euwel van vanselfsprekendheid?

In Suid-Afrika is ons gelukkig dat die besef van die geweldige stryd en opoffering waarmee die mense van die land hul vryheid verworwe het nog lewendig en onmiddellik is. Maar selfs by ons waar die verskriklike apartheidsverlede nog so sigbaar en tasbaar teenwoordig is, is daar alreeds ’n nuwe generasie van jongmense wat nie meer presies weet wat ’n pas was, of die Groepsgebiede Wette nie. Hoeveel te meer moet dit nie waar wees vir jongmense in Nederland nie? Die Nazi besetting was dekades gelede en die honderd en vyftigjarige herdenking van die Grondwet, beteken juis ook dat ’n eeu en ’n half tussen in sit. Hoe hou ons die herinnering lewend? Hoe verseker ons dat die nuwe generasies nie net ons vryheid erf nie, maar ook die noodsaaklike dissipline om haar te bewaak en te onderhou?

Abel Herzberg skryf in *Amor Fati*:

‘Nu zijn wij, na enige omzwervingen, uit Bergen Belsen teruggekeerd en alles is al weer een tijd geleden. Ik zie de herinnering vervagen, er onstaat een doffe plek in ons geheugen. En dat is begriepelijk genoeg. Het is niet aange-naam altijd weet terug te denken aan gruwelijke dingen, en het heeft ook zijn bezwaren daarover bij voortdoring te vertellen. Het is namelijk niet waar, dat de wreedheid alleen maar afstoot. Zij trekt ook aan. De wreedheid is besmettelijk. Het is daarom niet zonder belang hoé over de kampen geschreven wordt. En in dit verband van groot belang dat men niet alleen weet wat er gebeurd is, maar ook probeert te begriepen.’

In Nederland word daar soms oor die oorlogsherinneringe gepraat asof dit alleen maar gaan om die onvermoë van verwerking, oor ’n trauma. Dit is wel ook begrieplik. Daar is mense, selfs in die tweede en derde geslag wat nog die wonde van die oorlog met hulle saamdra en elke dag daar-

aan ly. Sulke persone verdien respek en hulp. Gelukkig kry hulle dit ook in u land. Vir hul geld in 'n besondere sterk mate dat hulle nie vergeet moet word of hul stryd nie verkleiner moet word nie.

Ons in Suid-Afrika het 'n menigte mense wat getraumatiseer is deur die verlede: deur die vele wat gedood en gemartel is, deur die leuens en die vernedering van 'n verwerplike regime. Hulle wonde is nog rou. Ons is vas oortuig daarvan dat ons hulle slegs kan respekteer en help deur die geskiedenis van ons vryheidstryd en alles wat geleidelik tot ons nuwe werklikheid aan te hou met vertel, te ondersoek en bekend te maak. Op die korte termyn gee dit wel aanleiding tot pyn en frustrasie, maar op die lange duur sal dit genesend werk. Ons wil dit nie laat vir 'n volgende geslag om daarmee gekonfronteer te word nie. Die werk van die Waarheids en Veroeningskommissie is uiteraard veral gerig op die apartheidsregime en die verskriklike misdade teen die mensdom wat hulle gepleeg het. Maar daar word nie uitsluitlik op hulle gekonsentreer nie, ook vryheidsvegters wat menseregte vergrype gepleeg het moet daarvoor verantwoordings doen.

Dat die Suid-Afrikaanse Parlement, waar die gesamentlike aantal jare wat parlamentslede van die bevrydingsorganisasies in die gevangenis was meer as 600 jaar tel, 'n Kommissie met so 'n mandaat kon aanstel is rede vir hoop. Die moontlikheid van versoening is 'n werklikheid, maar dan moet respek en veral erkenning vir die slagoffers altyd voorop staan. Dit maak nie uit hoe lastig dit vir wie ookal is nie. Indien dit behoue bly dan sal die werk van die Waarheids en Veroeningskommissie 'n bevestiging word van die universele regte van elke burger, soos dit in ons jong Grondwet verwoord is.

Ook hier in Nederland dwing die oorlogsherinneringe dekades later nog steeds na vore. Dit word gesien in die meer as vyftienhonderd bevrydingsmonumente wat al opgerig is. Maar hoe word hierdie herinneringe verwerk? Hoe word die geskiedenis in alle eerlikheid onder oë gesien? Dit bly altyd makliker om jou eie lydingsgeskiedenis en helde te herdenk as om jou deelname aan en verantwoordelikheid vir ander se lyding eerlik te probeer verwerk.

Heeltemal tereg word die dood van miljoene Jode in die Nazi doodkampe herdenk, maar word daar genoeg gese

die homoseksueles en Sigeuners wat ook vermoor is? Wat Nederlanders in Japanese kampe deurgemaak het was verskriklik, dit moet met groot simpatie en betrokkenheid herdenk word. Maar wanneer Indonesië ter sprake kom, moet die lang jare van lyding van Indonisiërs onder Nederlandse kolonisasie nie ook onder oë geneem word nie?

Ons toewyding aan vryheid behoort gemeet te kan word aan ons moed om ons volle verlede te laat meesprek in die voorbereiding van ons huidige keuses. Wanneer ek so daaraan dink dan kom die vraag onwillekeurig op of tesame met die vele bevrydingsmonumente die tyd nie al lankal aangebreek het om 'n standbeeld ter herdenking en skuld-belydenis van slawerny op te rig nie?

*Maar herinnering is nie genoeg nie.*

Ek sê dit met besondere klem oor die tyd waarin ons leef. In 'n postmoderne samelewing - waarin die groot verhale hul samebindende krag verloor het - het ons 'n behoefte aan nuwe refleksie oor wat ons in die algemeen saambind. Vir 'n deel is die binding in ons geskiedenis. Maar ons moet nie vergeet dat dit dan slegs gaan oor die geskiedenis van sekere dele van die volksgemeenskap nie. Nederland en Suid-Afrika leef in 'n pluriforme samelewing waar daar nie langer één geskiedenis van land en volk is nie. As ons reg wil doen aan almal wat in ons onderskeie gemeenskappe tuishoort, dan gaan dit tog om veel meer as om die 'vaderlandse geskiedenis' te leer aan allochtone kinders! In my land het miljoene swart kinders geskiedenisles gehad waarin Jan van Riebeeck en die wit Boere Generaals as die enigste erflaters van die 'beskawing' voorgehou is. Shaka Zulu, Albert Luthuli en Nelson Mandela is afgemaak as barbare. Vandag word die Suid-Afrikaanse geskiedenis uiteraard herskryf. 'n Keuse vir pluriformiteit relatiewe die samebindende funksie van ons geskiedenis.

Is ideologie en taal dan die bindmiddel?

Wat geld vir die geskiedenis is ook waar vir die groot ideologieë en dogmatieke wat vir 'n lang tyd aan ons lewensrigting en samehang gegee het. Hulle het almal deur die ontwikkelinge in ons land en deur die moderne geskiedskrywing in opspraak geraak. Die doodsvyandige sisteme in Suid-Afrika - Calvinisme en kommunisme - het om dit sagkens te stel hul aantreklikheid verloor!

Selfs taal bind minder saam as van tevore. In 'n land met elf amptelike tale, soos waar ek vandaan kom, is dit miskien duideliker waarneembaar as in 'n land soos Neder-

land. Tog is ook hier, indien ek u media goed begryp, van alles aan die hand met taal. Poldernederlands en Algemeen Beschaafd Nederlands blyk nie alleen foneties op gespanne voet te staan nie, maar speel ook 'n rol in vraagstukke van integrasie en diskriminasie. Soos met ons geskiedenis en lewensbeskoulike sisteme het ook taal as bindmiddel in krag ingeboet.

Hoe sal ons dan die vryheid van ons samelewings bewaak en versterk?

Die uitnodiging vir hierdie plegtige herdenkingsdag het 'n dubbele aanleiding. U vier bevryding van vreemde oorheersing, die laaste in 'n lang reeks van historiese aanvalle op u nasionale identiteit. Ook al is die bevryding al 'n halwe eeu oud: sy het niks van haar glans en glorie verloor nie. Maar u vier ook dat u Grondwet honderd en vyftig jaar bestaan: ook dié het niks van haar glans verloor nie.

As seun van 'n land wat so juis 'n Nuwe Grondwet as't ware uit die hande van ons bevrydingstryders ontvang het, is ek besonder onder die indruk daarvan dat die twee dinge: die moeisaam - met stryd verwerwe - vryheid en die trotse taal van 'n dokument wat die volksgemeenskap aan haar gemeenskaplike basis help, onskeidbaar met mekaar verweef is. Vir ons in Suid-Afrika was die Grondwet die sluitstuk van ons stryd; van nou af kan elke burger in my land hom beroep op die wet, wat elkeen gelyk behandel. Ek veronderstel dat die veel ouer Grondwet van die Koninkryk van Nederland, wat onder die welvaart en wel-syn van u volk die vaste regsgrond onder almal se voete is, 'n ewe trotse besitting is.

In 'n tyd waarin die samelewing deur haar pluriforme karakter veel van wat in die verlede as vaste identiteit gegeld het, opnuut ter bespreking stel is die regstaat die enigste vaste grond waarop die diskussie vir noodsaaklike vernuwing kan plaasvind.

Dit is die regstaat wat ons maatskappy dra. By alles wat ons skei, by alle verskil van insig oor die uitvoer van rege-ringsbeleid, by alle onsekerheid oor die veranderende karakter van die samelewing gee die regstaat ons die vryheid tot diskussie, tot verskil van insig en om te toets wat ons tot nou bymekaar gehou het. Die grondslag van die regstaat en die simbool van die eenheid van die samelewing is die Grondwet. Daarom is dit so ontroerend dat u eflike Koningskap die eed op die Grondwet afle. So word die demokrasie bewaak.

Een sinnetjie het my altyd bygebly vanuit 'n vroeëre verblyf in u land: 'elke burger word geacht de wet te kennen'.

Ek het altyd begryp dat dit nie sou moes dui op die heel ingewikkelde samespel van wette en reëls wat deur die nooit eindigende werksaamheid van die owerheid tot stand kom nie. Veel eerder dui dit op die *Gees* en uiteindelik selfs die *Letter* van u Grondwet - die *Magna Charta* van u vryheid.

Nederland en Suid-Afrika het die besondere voorreg in gemeen dat ons Staatshoofde het wat beide simbole van vryheid is en beide ook voorvoeders vir die Grondwet in ons lande. Nie alleen met betrekking tot algemense sake nie, maar veral in hul voortdurende aandag om die belofte van die Grondwet as't ware in die harte van hul mense te grafeer. Dit is 'n besondere historiese geskenk wat u en my land verder dwing tot moed en kreatiwiteit in die verdediging van wat ons met soveel lyding verwerf het.

Ek weet dat my gelukwensing by u 150 jaar Grondwet en 50 jaar Vryheid gekleur word deur die nog jonge ontroering van iemand wat sy land maar kort sien ontstaan het vir 'n nuwe toekoms. Moontlik is daar 'n enkele sinikus die saal wat my van romantiese oordrewing sou wou verwyf. Moontlik selfs tereg. Maar ek wens iedereen van u toe in u eie lewe, en ter ondersteuning van welke posisie in die samelewing ook om 'n keer die bruisende vreugde van vryheid te ondervind.

Dit is vanuit dié ontroering dat voormalige gevangenes in Suid-Afrika die harde werklikheid van die moderne tyd aangepak het. Ek het begin met 'n paar herinneringe aan my eie gevangenskap en die drome van my vriende in die gevangenis. Hulle het hul met die dood voor oë nie geskaam om dade uit drome te spin nie.

U dromers mag ouer en verder terug in die geskiedenis wees, maar die welvaart van hierdie land is sonder hulle nie denkbaar nie.

Vryheid vier en om die verjaardag van die Grondwet te vier is, om bereid te wees om die samelewing te vernuwe.

Met die vryheid altyd voor oë en die Grondwet as fondament moet ons tog die onsekerheid van die toekome en die altyd weer noodsaaklike vernuwing van beleid glansryk en met moed kan aandurf.

Dankie.